Ondersoek

VERTROULIK

Aan Heelte

SUID-AFRIKAANSE POLISIE — SOUTH AFRICAN POLICE

70

P/sak - P/Bag X302 Tel. adr. - add. "KOMPOL"

Verw./Ref. S7/18/10/1

Navrae/Enq. Luit. Marais

TEL 214511 x 223

SUID-AFRIKAANSE POLISIE
DIST. 39
STASIEBEVELVOERDER
JOHN VORSTERPLEIN
1982 -01- 06
STATION COMMANDER
JOHN VORSTER SQUARE
JOHANNESBURG
SOUTH AFRICAN POLICE

1982 -01- 05
SECURITY
JOHANNESBURG
SOUTH AFRICAN POLICE

VEILIGHEIDSTAK
SECURITY BRANCH

HOOFKANTOOR
HEAD OFFICE

PRETORIA
0001

1981-12-11

Die Afdelingsbevelvoerder
Veiligheidstak
AFDELING WITWATERSRAND

**AANHOUDING KRAGTENS ARTIKEL 6(1) VAN DIE WET OP TERRORISME, 1967 (WET 83 VAN 1967)**

Die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie het gelas dat Neil AGGETT (289/81) wat tans kragtens die bepalings van artikel 22(1) van die Algemene Regswysigingswet, 1966 (Wet 62 van 1966) sedert 81-11-27 in die Pretoria Sentraal aangehou word, verder vanaf 1981-12-11 kragtens die bepalings van bogemelde wetgewing in die John Vorsterplein P/s, onderhewig aan die voorwaardes hieronder uiteengesit, aangehou moet word.

1. Niemand, behalwe 'n beampte in diens van die Staat wat by die verrigting van sy ampspligte optree, het tot die aangehoudene toegang nie behalwe met toestemming van die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie of die Hoof van die Veiligheidstak.

2. Behoudens die bepalings van artikel 6(6) en (7) van die Wet op Terrorisme, 1967, mag die aangehoudene met niemand buite die plek van aanhouding in verbinding tree nie tensy vooraf magtiging van die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie of die Hoof van die Veiligheidstak ontvang is.

3. Geen dagblaaie (nuusblaaie), Sondagkoerante, of ander leesstof van watter aard ookal word aan die aangehoudene voorsien nie, behalwe met die voorafgaande vergunning van die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie of die Hoof van die Veiligheidstak.

4. Behalwe met die toestemming van die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie of die Hoof van die Veiligheidstak, ontvang die aangehoudene geen voedsel of ander eet-of drinkware wat deur familie, vriende van die aangehoudene of deur enige ander persoon, liggaam of organisasie aan hom gestuur word nie.

5. 'n Redelike hoeveelheid privaatklere kan by die plek van aanhouding ten behoewe van die aangehoudene ontvang, gehou en ter beskikking van hom gestel word.

6. Privaatklere moet by die plek van aanhouding gewas en skoongemaak word.

7. Die aangehoudene moet, indien nodig, van 'n geneeskundige beampte, aangewys kragtens artikel 6 van die Wet op Gevangenisse, 1959 of 'n distriksgeneesheer mediese behandeling ontvang. Enige mediese of tandheelkundige voorskrifte deur so 'n geneeskundige beampte of distriksgeneesheer voorgeskryf, moet onverwyld uitvoering aan gegee word.

8. Behoudens die voormelde voorwaardes en die bepalings van artikel 6 van die Wet op Terrorisme, 1967 (Wet 83 van 1967), is die bepalings van die Wet op Gevangenisse, 1959 en die regulasies kragtens artikel 94 daarvan uitgevaardig, die Gevangenisorders en amptelike opdragte van die Kommissaris van Gevangenisse vir sover dit van toepassing is op onveroordeelde gevangenes wat hul verhoor weens 'n beweerde misdryf afwag, *mutatis mutandis* op die aangehoudene van toepassing.

9. Die aangehoudene moet toegelaat word om een uur per dag in afsonderlike periodes van 'n halfuur elk, liggaamlike oefening doen.

Kolonel
n/KOMMISSARIS : SUID-AFRIKAANSE POLISIE
J C BROODRYK

VERTROULIK

(8) Die aangehoudene moet, indien nodig, van 'n geneeskundige beampte, aangewys kragtens Art. 6 van die Wet op Gevangenisse, 1959 of 'n Distriksgeneesheer mediese behandeling ontvang. Enige mediese of tandheelkundige voorskrifte deur voormelde geneeskundige beampte of Distriksgeneesheer voorgeskryf, moet onverwyld uitvoering aan gegee word. Hierdie kantoor moet telefonies van sodanige geval ingelig word en skriftelik bevestig word. Afskrif van D.G. bevinding en verslag moet aan hierdie kantoor gestuur word.

(9) Die aangehoudene moet minstens een keer per week deur die Afdelingskommissaris van die S.A. Polisie van die gebied waarin hy aangehou word, besoek en bedoelde Afdelingskommissaris of D.K. doen in verband met sodanige besoek verslag aan die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie en die plaaslike Veiligheidstak.

(9)(a) Indien omstandighede dit toelaat, moet die aangehoudene minstens een keer elke veertien dae deur 'n Landdros in afsondering besoek word.

(10) Behoudens die voormelde voorwaardes en die bepalings van Artikel 22 van die Algemene Regswysigingswet, 1966 (Wet Nr. 62 van 1966), is die bepalings van die Wet op Gevangenisse 1959 en die regulasies kragtens Artikel 94 daarvan uitgevaardig, die Gevangenis-orders en amptelike opdragte van die Kommissaris van Gevangenisse vir sover dit van toepassing is op onveroordeelde gevangenes wat hul verhoor weens 'n beweerde misdryf afwag, mutatis mutandis op die aangehoudene van toepassing.

COLONEL
COLONEL

AFDELINGSBEVELVOERDER : VEILIGHEIDSTAK
AFDELING : W I T W A T E R S R A N D
/ES

J. P. OLIVIER

**Collection Number: AK2216**

**AGGETT, Dr Neil, Inquest, 1982**


## *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**



## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a collection deposited at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand.